***Foto** 5.14 Feestelike kleredrag*



*Let op die baie moontlikhede van kralewerk. Hierdie swart doek, **nceka**, se motiewe is met krale uitgewerk. Die vrou aan die linkerkant dra die meer moderne **minceka**, skouerdoeke met helderkleurige gedrukte motiewe. **Minceka** maak deel uit van die Tsongavrou se alledaagse sowel as uitgaan-kleredrag. Die verskeidenheid skouerdoeke wat voorkom, dui op die Tsongavrou se groot voorliefde vir hierdie kledingstuk wat in afdeling 5.5 bespreek word. Let ook op die hooftooisel van die vrouens. Kopdoeke van 'n verskeidenheid kleure word tans saamgevou en op die hoof gedra in plaas van die meer tradisionele krale-hoofsieraad (foto 5.1, 5.10, 5.66).*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.15*



*Hierdie vrou vertoon baie Tsonga-kralewerkartikels. Let op die bloes wat in die geheel uit krale bestaan. Die **nceka**, skouerdoek, wat hierdie vrou dra, is ook met krale versier. Om die nek dra sy 'n verskeidenheid halssierade: **matsunyetsunje**, **thumbu**, **xizambana** met **nyeleti** (ster), en **ntomani**. Armsierade vertoon krale-armringe, **swikurumudzu**, en gedraaide metaalringe. Let op die hooftooisel met moderne plastiekversiersels.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.16*



*Kraleversierde doeke as deel van **n'anga** se uitrusting.*

*Turkoois, swart, rooi en blou materiaal word met wit krale geborduur. Dit verleen aan die voorwerp 'n kant-effek.*

*Dansers dans dikwels met hul agterkant na die toeskouers, omdat die effek van die swaaiende romp van agter waargeneem word. Daarom tref ons baie versierings aan die agterkant aan.*

*Let op die beenversiering : beenringe*


***Foto** 5.17 Vroue dansgroep*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.18 (a), (b)*** *Halssieraad*

***Foto*** *5.18 (a)*



*(a) en (b) - Halssierade word na die tegniek genoem. Die om-mekaar-gedraaide stringe word **xisontana** genoem. Die buisvormige deel is **xizambana**. Hierdie sieraad kan alledaags en tydens danse gedra word.*

***Foto*** *5.18 (b)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto*** *5.19 (a) en (b) : Halssieraad*



*Alhoewel al hierdie sierade buisvormig is, verkry die voorwerp sy naam van die motiewe en die vervaardigingstegniek, asook die aanwending van kleure.*

*Name van voorwerpe:*
*1. **thumbu** (vgl. ook foto's 5.29, 5.31)*

*2.3.4 **ntomani***
*5.6.7 **xizambana***
***Thumbu** beteken derm, dus buis of buisvormig*


*Hierdie halssieraad word **xisontana** genoem, omdat hierdie tegniek by hierdie voorwerp oorheersend is (vgl. foto 5.21 (a)). Die boonste voorwerp is 'n hoofsieraad en word **chayeni** (ketting) genoem.*

***Foto*** *5.19 (b)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Foto 5.20*



***Xifune*** *- halssieraad - van dogter wat inisiasieskool,* ***khomba****, bywoon (vgl. foto 5.55 (a)).*

*Foto 5.21 (a)*



***Foto 5.21 (a), (b), (c)***

*Halssieraad:* ***maqalaka*** *en* ***mhaninkulu***


*Let op die knoop wat by beide voorwerpe voorkom waar die kralewerk verbind word. Hierdie knoop word* ***qonto*** *genoem.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.21 (b)* ***Mhaninkulu***



***Foto** 5.21 (c)*



*Verskeie tegnieke kom voor. Kralestringe word met* ***xizambana*** *afgewissel. Die knoop,* ***qonto****, verbind die stuk en* ***ntomani*** *(groen/wit, rooi/wit) kom ook voor.*

*'n Verskeidenheid* ***xisontana*** *- ommekaar-gedraaide kralestringe. Dit word nie normaalweg gedra soos hierdie vrou dit toon nie, maar slegs oor een skouer in kombinasie met* ***xizambana****. Let op na die* ***xiphodzo****, armsieraad, en* ***xifunga****, heupgordel.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.22 (a), (b)*** *Kralewerktegnieke*

***Foto*** *5.22 (a)*



*Die tegniek wat op hierdie **xiyandhana** gebruik is, is middelhegting. Aan die agterkant kan duidelik gesien word dat die krale hier en daar vasgewerk word, **en nie** volgens 'n patroon of orde nie.*

***Foto 5.22*** *Mandjiestel met krale versier*

***Foto*** *5.22 (b)*



*Die maas- of ruittegniek word gebruik wanneer krale op voorwerpe aangebring word.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.23 (a), (b)*** *Mandjies, **xithabana**, met deksel, **xintewana***

***Foto*** *5.23 (a)*



*Hierdie mandjies word met krale versier as respekbetoning aan, en verering van die man. Let op die manier waarop die krale van buite aan die binnekant vasgeheg word.*

***Foto*** *5.23 (b)*



*Sommige krale word volgens die maas- of ruittegniek en ander met die kanthegtingstegniek vasgemaak.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.24 Kralewerkuitrusting van 'n **n'anga***



*Die groot aaneenlopende stuk kralewerk op beide rompies word **ndlama** genoem. Die maas- of ruittegniek word gebruik.*

*'n Kort rompie van dieselfde materiaal as die vrouens se dansromp, **salempore**, word vir die kort rompie van die **n'anga** gebruik. Hierop word kralesierade vasgemaak. Vgl. foto 5.47 vir die wyse waarop die **xigejo** tesame met die **xiyandhana** gedra word.*

***Foto** 5.25 **xigejo** en **ndlama***



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.26 (a), (b), (c), (d)*** *Sierade, tegnieke en motiewe*

***Foto*** *5.26 (a)*



*Al hierdie "kralelappies" wat met spelde aan die ruggedeelte of op die dansrok vasgesteek word, word* ***xiqovochela*** *genoem. Die langer stukke soos op foto (a) word ook soms* ***xikhapa*** *genoem.*

***Foto*** *5.26 (b)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.26** Sierade, motiewe en tegnieke*

***Foto** 5.26 (c)*



*Let op die kleure en kleurgebruik.*

***Foto** 5.26 (d)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.26 (a), (b), (c) xiqovochela***

***Foto** 5.27 (a)*



*Verdere voorbeelde van **xiqovochela**. Let op na die kleure, motiewe en kombinasie. Moderne benaming is ook **xipereta** afgelei van speld.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.27 (b)*



*Verdere voorbeelde van **xiqovochela**. Let op na die kleure, motiewe en kombinasie. Moderne benaming is ook **xipereta** afgelei van speld.*

*Let op na die snuifblikkies wat aan die onderkant hang. Foto's 5.39 en 5.40 wys hoe hierdie sieraad vroeër gemaak en gedra is. Deesdae kry 'n mens nie meer die voor- en agterpant nie.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.27 (c)*



*'n Dansrok met 'n verskeidenheid **xiqovochela**. Elke stuk word volgens die motief benoem.*

***Foto 5.28 (a), (b), (c)** Hoofversiering : **Mugangu***

***Foto** 5.28 (a)*



*Foto* 5.28 (b)



*Foto* 5.28 (c)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.28 (d) : Hoofsieraad*



*Hierdie hoofsieraad, **nwamatatana**, word van perdesterthare, **vudoga**, en krale vervaardig. Let op na die kleure wat gebruik word.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.29 Halssierade : **Thumbu***




*Alhoewel almal buisvormig is en daarom meestal **thumbu** genoem word, word daar tog ook ander name, wat op die tegniek dui, gebruik.*

*Dit is baie verwarrend om enige klassifikasie daar te stel.*

*Hierdie stuk se tegniek word soms **mfaza** genoem. Hierdie halssierade word ook soms **muchayatambu** genoem*

***Foto** 5.30*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Foto 5.31 Halssieraad*



*Foto 5.32 Halssieraad en hoofsieraad : **Mugangu***

*Hierdie halssieraad met tossels word as meer tradisioneel beskryf.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.33 Variasies op die halssieraad*



***Foto** 5.34*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012